

April 2003

Aan alle belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria

Schoemanstaat 309

Vandag iets oor Schoemanstraat 630 of te wel die Noord-Oostelike hoek van die Schoeman-Van der Waltstraat kruising.

Ek het 'n brief gekry van Engela. Sy is tans werksaam in die Schoemanstraatgebou en het allerhande stories gehoor van spoke in die kelder, soldate wat daar gemartel is of 'n lykshuis waar 'n hospitaal se lyke gestoor is. Al wat hulle weet is 'n gedenkplaat waarop staan Prospect Seminary April 17 1878. Ek het 'n bietjie gekyk wat ek kan uitvind.

Daar is in 1877, onder leiding van Ds. Bosman, besluit om die Prospect Seminary, 'n Engelse skool vir meisies in Pretoria te begin. Mej Susan Miller Clary en mej. Ruggles [beide van Amerika] is aangestel as die eerste onderwyseresse. Met hul aankoms in Pretoria [Nov. 1877] was daar nog nie begin met die bou van die skool nie, en die eerste klasse is in die Kerk op Kerkplein gehou [PR-009 p8] [LUG-001 p119].

Die skoolgebou vir die Prospect Seminary is gebou op die hoek van Schoeman- en Van der Waltstraat. Die hoeksteen word op 17 April 1878 deur Shepstone gelê [AND-02 p63]. Minder as 'n jaar na haar aankoms in Suid Afrika sterf Susan Clary in Augustus 1878 aan longontsteking. Sy is begrawe in die Kerkstraatbegraafplaas waar waar haar graf vandag nog te sien is. Baie van haar briewe wat sy aan vriende en familie in Amerika geskryf het, het behoue gebly en is baie interessant om te lees [PR-021 p17] en [PR-009 p03].

In 1881 is die naam van die skool verander na die Ebenhaezerskool, daar is meer seuns toegelaat, en Nederlands is nou saam met Engels as voertaal gebruik [LUG-001 p139].

In 1899 vind ons dat die gebou nou gebruik word as koshuis vir die aangrensende Staatsmodelskool. Dit staan bekend as die Eerste Staatstehuis voor Jongens. [die Tweede Staatstehuis was naby die Dieretuin op die hoek van Boom – Markstraat] R.D. Collins was die koshuisvader. Hy het saam met sy vrou en twee dogters in die huis gebly.

Met die uitbreek van die oorlog is al die leerlinge huistoe gestuur en die gebou het 'n Rooikruis Hospitaal geword bekend as die Bourke Hospitaal. [George Bourke, broer van Eddie was verantwoordelik vir die totstandkoming van die hospitaal] R.D. Collins en sy familie het nog steeds in deel van die gebou gebly. Hy is aangestel as bestuurder van die hospitaal. Sy een dogter [B.C. Collins] se dagboek oor die tydperk is in die staatsargiewe opgeneem. Dit is baie insiggewend om te lees. [PR-085 p3]

Dit is so ver as wat my inligting strek: Oorspronklik gebou as Prospect Seminary, later Ebenhaezerskool, toe Koshuis vir die Staatsmodelskool en Bourke Hospitaal in die oorlog. Aangeheg is 'n foto van die gebou in 1898 en een die gebou net voordat dit afgebreek is na 1950.

Het enige van julle miskien van enige ander interessante inligting oor die gebou?

Kerk van die Nederduitsch Hervormde Gemeente in Markstraat

Nandor is op soek na 'n foto van die gebou wat op die hoek van Mark- en Minnaarstraat was toe dit nog as kerk gebruik was [dit was voor die huidige stadsaal]. Nadat die gemeente in 1904 die

nuwe kerk in du Toitstraat gebou het, is die ou gebou o.a. 'n tyd lank as 'n teater gebruik. Die enigste foto van die gebou waarvan ons van weet is in die tyd geneem. Ek plaas dit as aanhangsel Die pastorie was ook op dieselfde terrein. Gelukkig het daar 'n foto van die pastorie wat op die hoek van Mark- en Visagiestraat was behoue gebly [ENG-01 p80 PON-01 p7].

Fort Schanskop

Die volgende van Estelle,

Soos jy weet, behoort Fort Schanskop nou ook aan die Voortrekkermonument en dis aan my opgedra om die geskiedenis van Fort Schanskop skryf, en my groot probleem daarmee is die beginjare, naamlik ongeveer 1896 tot 1902. Dit was die eerste fort wat die ZAR voltooi het (in 1897) van die uiteindelijke 4 forte. Ek het Ploeger se boek oor die fortifikasies van Pretoria en het darem al heelwat navorsing gedoen - ook in die Staatsargief. Ek wil jou vriendelik vra om enige inligting, al lyk dit ook hoe onbenullig, onder my aandag te bring.

Die grootste probleem waarvoor ek te staan gekom het in my navorsing is die besetting van die fort na die oornam van Pretoria in Junie 1900. Daar word beweer dat die Royal Dublin Fusiliers in die fort was tot in 1902, maar ek kry geen bewyse daarvoor nie. Ek het nou met iemand in Engeland gekorrespondeer wat tot in die British Museum vir my gaan soek het, maar hy kon ook geen inligting oor die Dublin Fusiliers kry m.b.t. Pretoria nie. Ek moet weet presies wie in die fort gestasioneer was, hoeveel manne en vir hoe lank. En dalk is daar iewers foto's?

Die Staatsargief het enkele foto's van Schanskop in die beginjare, maar as jy weet van meer, sal ek dit graag wil bekom.

My groot nuus

Ek en my broer Francois is besig om iemand se versameling ou fotos van Pretoria af te neem. Daar is meer as 250 fotos, baie van hulle wat ek nog nooit gesien het nie. Ek het net so vinnig geloer en kan nie wag om alles te bestudeer nie. Eers moet ek egter die geselsbrief in die pos kry.

Daar is veral een vreeslike mooi hartseer foto. Gros [hy was die fotograaf] noem dit "The Deserted Village". Dit is foto van Kerkstraat tydens die beleg van 1880. Alles is verlate en verwaarloos. Al die winkels is toe, selfs die vensters is met planke toegespyker. Hier is geen mens of dier op straat nie en die gras staan hoog op die sypaadjies. Later sal ek van die fotos met julle deel.

Die bronnelys wat ek gebruik is op aanvraag beskikbaar. Laat asseblief van julle weet en gesels saam. Groete tot die volgende brief.

Rosa Swanepoel